



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 10

NOVEMBER 2020

**GEOGRAFIE V2
(EKSEMPLAAR)**

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n 9-bladsy bylaag.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings. AFDELING A is teorie en AFDELING B is kaartwerk.
2. Beantwoord ALLE vrae in hierdie vraestel.
3. Alle diagramme is in die BYLAAG ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen die onderafdelings wat beantwoord word.
5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
7. Nommer die antwoorde in die middel van die lyn.
8. MOET NIE in die kantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
9. Teken geannoteerde diagramme wanneer dit vereis word.
10. Beantwoord in VOLSINNE, behalwe wanneer jy gevra word om te verskaf, noem, identifiseer of te lys.
11. Verwys na die topografiese kaart en ortofotokaart om VRAAG 3 (Kaartwerk) te beantwoord.
12. Toon ALLE berekeninge en formules, waar van toepassing. Punte sal hiervoor toegeken word.
13. Dui die meeteenheid in die finale antwoord van die berekeninge aan. Sorg dat die eenhede in AL jou berekeninge en finale antwoord behoue bly.
14. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
15. Die gebied afgebaken in SWART op die topografiese kaart verteenwoordig die gebied wat deur die ortofotokaart gedek word.
16. 'n Woordelys van sommige Engelse en Afrikaanse woorde en hul vertalings verskyn in die bylaag.
17. Lees ALLE instruksies versigtig.
18. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BEVOLKING EN WATERHULPBRONNE**VRAAG 1: BEVOLKING**

- 1.1 Pas die term/konsep in KOLOM B by die korrekte beskrywing in KOLOM A. Skryf SLEGS die korrekte letter (A–I) langs die ooreenstemmende vraagnommers (1.1.1–1.1.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Statistieke wat aandui hoe die bevolking verander	A	emigrante
1.1.2	Mense wat uit hulle eie land na 'n ander land vir werkgeleenthede beweeg	B	lewensverwagting
1.1.3	Die vinnige toename in die land se bevolking	C	bevolkingsdigtheid
1.1.4	'n Grafiek wat die bevolkingstruktuur in terme van ouderdom en geslag aandui	D	xenofobie
1.1.5	Migrante wat gedwing word om uit hul land van herkoms te trek weens vrees vir vervolging of natuurrampe	E	bevolkings-aanduiders
1.1.6	Die aantal mense per vierkante kilometer	F	bevolkingsontploffing
1.1.7	'n Sterk gevoel van vrees en afkeer of vrees vir mense uit ander lande	G	ekonomiese migrante
1.1.8	Die verwagte gemiddelde aantal jare wat mense in 'n land sal leef	H	vlugtelinge
		I	bevolkingspiramide

(8 x 1) (8)

- 1.2 Bestudeer FIGUUR 1.2 A en B wat twee verskillende bevolkingspiramides aantoon om die vrae wat volg te beantwoord. Skryf die vraagnommer en die letter (A of B) neer wat met die onderstaande stellings ooreenstem, bv. 1.2.9 B.

- 1.2.1 Hierdie is 'n vroeë groeiende bevolking.
- 1.2.2 Kinders dra by tot plaasarbeid in hierdie bevolking.
- 1.2.3 Daar is meer individue wat vir meer as 75 jaar lewe.
- 1.2.4 Sterfte- en geboortesyfer is beide hoog.
- 1.2.5 Mediese fasiliteite is van hoë gehalte.
- 1.2.6 Meeste van hierdie lande word in Afrika en Latyns-Amerika aangetref.
- 1.2.7 Afhanklikheidskoers is laag in hierdie land.

(7 x 1) (7)

1.3 Verwys na FIGUUR 1.3 (A en B) wat die verspreiding van die wêreldbevolking aandui om die vrae wat volg te beantwoord.

1.3.1 Definieer *bevolkingverspreiding*. (1 x 1) (1)

1.3.2 Identifiseer vanaf die kaarte en tabel in FIGUUR 1.3A en B die kontinent met die grootste bevolking. (1 x 1) (1)

1.3.3 Noem TWEE lande met die wêreld se grootste bevolkings. (2 x 1) (2)

1.3.4 Stel TWEE uitdagings voor wat 'n land met 'n groot bevolking in die gesig staar. (2 x 2) (4)

1.3.5 Beskryf TWEE fisiese faktore wat meer mense aantrek, om in 'n gebied te woon. (2 x 2) (4)

1.3.6 Identifiseer 'n land met min bevolking in FIGUUR 1.3A en beskryf EEN uitdaging wat so 'n land met min bevolking het. (1 + 2) (3)

1.4 Verwys na FIGUUR 1.4 en beantwoord die vrae wat volg.

1.4.1 Definieer *xenofobie*. (1 x 1) (1)

1.4.2 Beskryf die impak van hierdie xenofobiese-aanval op die buitelanders volgens die inligting in die verslag. (1 x 2) (2)

1.4.3 Noem TWEE groepe wat hulle in 2008 besig gehou het met die beskerming van buitelandse burgers om bloedvergieting te stop. (2 x 1) (2)

1.4.4 Gee TWEE redes waarom Suid-Afrikaners hul woede vir mense uit ander lande toon. (2 x 2) (4)

1.4.5 Stel EEN rede voor waarom xenofobiese-aanvalle steeds in Suid-Afrika plaasvind ondanks die regering, die burgerlike samelewing en internasionale organisasies se pogings om dit te stop. (1 x 2) (2)

1.4.6 Stel maniere voor waarop geweld tussen Suid-Afrikaners en buitelandse burgers verminder kan word. (2 x 2) (4)

- 1.5 Bestudeer FIGUUR 1.5 wat die landelike en stedelike bevolking (in miljoene) van Suid-Afrika aantoon.
- 1.5.1 Definieer *landelike bevolking*. (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Neem stedelike bevolking af of neem dit toe van 1960 tot 2016? (1 x 1) (1)
- 1.5.3 Gee 'n rede vir die patroon wat jy in VRAAG 1.5.2 hierbo beskryf het. (1 x 1) (1)
- 1.5.4 Gebruik die inligting op die grafiek om die stedelike bevolking in 2015 uit te werk. (1 x 2) (2)
- 1.5.5 Verskaf TWEE stoot-faktore wat veroorsaak dat mense landelike gebiede vir stedelike gebiede verlaat. (1 x 2) (2)
- 1.5.6 Verduidelik in 'n paragraaf van ongeveer agt reëls die moontlike negatiewe gevolge wat die stede van Suid-Afrika sal ervaar as hulle aanhou plaaslike en internasionale immigrante in groot getalle ontvang. (4 x 2) (8)
- [60]**

VRAAG 2: WATERBRONNE

2.1 Verwys na FIGUUR 2.1, wat die watersiklus aantoon.

2.1.1 Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf SLEGS die nommer en die korrekte woord wat jy gekies het, uit die hakies, neer.

(a) Die groter persentasie van die aarde se water word aangetref in/op die (atmosfeer/aardoppervlak).

(b) (Hael/Kondensasie) is 'n vorm van neerslag.

(c) (Sneeu/Vog) is water in 'n soliede toestand. (3 x 1) (3)

2.1.2 Noem die prosesse wat deur die letters **A**, **B**, **C** en **D** in FIGUUR 2.1 in die bylaag voorgestel word. (4 x 1) (4)

2.2 Kies EEN woord/frase uit die blokkie wat met die daaropvolgende stellings ooreenstem.

Ekosisteem; mariene besoedeling; ontsouting; oorbevissing; versuring; viskwotas; gruis water; inter-bekken verplasing; volhoubaarheid

2.2.1 Die verwydering van sout uit oseaan water om dit meer bruikbaar te maak.

2.2.2 Gebruikte water wat steeds vir ander doeleindes gebruik kan word.

2.2.3 Om meer visse te vang as wat hulle aanteel, verminder dus hul bevolking.

2.2.4 Gekoppelde pype wat water van 'n hoë reënvalgebied na 'n droë gebied oordra.

2.2.5 Gebruik bronne versigtig om hul toekomstige beskikbaarheid te verseker

2.2.6 Storting van afvalprodukte in oseane.

2.2.7 Die beheer van die aantal vis wat vissermanne mag vang.

2.2.8 Die gemeenskap waar lewende en nie-lewende dinge saam bestaan. (8 x 1) (8)

- 2.3 Verwys na FIGUUR 2.3, wat waterprobleme in Kaapstad aantoon, om die onderstaande vrae te beantwoord.
- 2.3.1 Noem die provinsie wat deur die watertekort, geaffekteer word. (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Verskaf die naam van die veldtog vir waterbestuur wat in Kaapstad van stapel gestuur is. (1 x 1) (1)
- 2.3.3 Wat is Dag Zero, volgens die artikel? (1 x 2) (2)
- 2.3.4 Waarom lyk die mense wat in die artikel geïllustreer word, so desperaat? (2 x 2) (4)
- 2.3.5 In 'n paragraaf van ongeveer agt reëls, verskaf strategieë wat die inwoners van Kaapstad en die munisipaliteite van die streek moet implementeer om watertekorte te verminder. (4 x 2) (8)
- 2.4 Verwys na FIGUUR 2.4 wat oorstromings in Port St Johns, Oos-Kaap, aantoon om die vrae wat volg te beantwoord.
- 2.4.1 Wat is 'n *oorstroming*? (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Noem die tipe oorstroming wat Port St. Johns affekteer het. (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Verduidelik waarom groot gedeeltes van laagliggende landelike nedersettings ontoeganklik gelaat is (nie bereikbare gebiede). (1 x 2) (2)
- 2.4.4 Beskryf die oorsake van oorstromings, soos die een wat in die artikel uitgebeeld word. (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Verduidelik die gevolge wat hierdie vloed vir die inwoners van Port St Johns veroorsaak het, soos in die diagram aangetoon. (2 x 2) (4)
- 2.4.6 Stel EEN voorsorgmaatreël voor wat die inwoners van Port St Johns sou kon neem om die skade wat deur hierdie vloed in hul omgewing veroorsaak is, te verminder. (1 x 2) (2)
- 2.5 Bestudeer FIGUUR 2.5 wat die verandering in die hoeveelheid Kaapse perdemakriel in Suid-Afrikaanse waters toon.
- 2.5.1 Wat was die eindvoorraad van makriel in 2013? (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Volgens die inligting in die grafiek, styg of daal die eindvoorraad van makriel vanaf 2005 tot 2014? (1 x 1) (1)
- 2.5.3 Verskaf die jaar waarin die eindvoorraad van makriel die hoogste was. (1 x 1) (1)
- 2.5.4 Bereken die verskil in voorraad (in ton) tussen jare 2005 en 2009. (1 x 2) (2)

- 2.5.5 Beskryf die voordele vir Suid-Afrika as die voorraad van die Kaapse perdemakriel sal toeneem. (1 x 2) (2)
- 2.5.6 Stel die moontlike redes voor vir die toename in die voorraad van makriel en ander visvoorraad. (2 x 2) (4)
- 2.5.7 Verduidelik die negatiewe resultate van oorbevissing aan die Suid-Afrikaanse kus in die langtermyn. (2 x 2) (4)
- [60]**

TOTAAL AFDELING A: 120

AFDELING B: KAARTWERK**VRAAG 3****3.1 KAARTWERK-VAARDIGHEDE EN -BEREKENINGE**

- 3.1.1 Verwys na die inligting oor die magnetiese deklinasie onderaan die kaart en beantwoord die volgende vrae.

Bereken die magnetiese deklinasie vir die huidige jaar. (5 x 1) (5)

- 3.1.2 Verwys na blok **I13** op die topografiese kaart.
Daardie deel van die kaart toon 'n spoorlyn wat onder 'n tunnel beweeg.
Meet en skryf die lengte van daardie tunnel in meter, neer.

FORMULE: AFSTAND: CM x SKAAL (2 x 1) (2)

- 3.1.3 Verwys na die ortofotokaart.

(a) Wat is die rigting van die skool, gemerk deur letter **Q** vanaf die winkelsentrum, gemerk deur letter **P**? (1 x 1) (1)

(b) Bepaal die ware peiling van punthoogte **22** vanaf trigonometriese gebake nommer **71**, wat albei in die gebied rondom punt **P** op die ortofotokaart aangetref word. (2 x 1) (2)

3.2 KAART- EN FOTO-TOEPASSING EN INTERPRETASIE

- 3.2.1 Die tipe vervoer wat jy vanaf Somerset-Wes na Bellville kan gebruik, as jy noordwes reis is, (lug en water / pad en spoor). (1 x 1) (1)

- 3.2.2 Verwys na die verskynsel met die naam **PAARDEVLEI** op die ortofotokaart.

(a) Noem die verskynsel gemerk **PAARDVLEI**. (1 x 1) (1)

(b) Verduidelik die belangrikheid van so 'n waterverskynsel vir mense wat in die omgewing woon. (2 x 2) (4)

- 3.2.3 Verwys na blok **D4** op die topografiese kaart, tesame met die gebied in die boonste noordwestelike deel van die ortofotokaart.

(a) Noem die belangrikste menslike aktiwiteit wat in daardie gebied oorheers. (1 x 1) (1)

(b) Beskryf **EEN** voorwaarde wat gunstig is vir die ontwikkeling van die aktiwiteit genoem in VRAAG 3.2.3 (a) hierbo. (1 x 2) (2)

- 3.2.4 Verwys na blok **A10**.

Verskaf **EEN** bewys dat natuurbewaring 'n prioriteit in Somerset-Wes is. (1 x 1) (1)

- 3.2.5 Regverdig met behulp van kaartbewyse waarom Somerset-Wes as 'n waterskaars gebied beskryf kan word. (2 x 1) (2)

3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS

- 3.3.1 Noem EEN voorbeeld van 'n rekenaarhardeware komponent. (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Beskryf die gebruik van die hardeware komponent wat in VRAAG 3.3.1 hierbo genoem word. (1 x 2) (2)
- 3.3.3 Verwys na blok **F6** op die topografiese kaart. Beskryf hoe 'n GIS-ruimtelike analise gebruik is, in verhouding tot die aktiwiteite wat in daardie gebied voorkom. (1 x 2) (2)
- 3.3.4 Bestudeer die diagram (FIGUUR 3.3.4) wat afstandwaarneming toon, tesame met jou kaarte om die vrae wat volg te beantwoord.
- (a) Definieer *afstandwaarneming*. (1 x 1) (1)
- (b) Verduidelik waarom dit belangrik was vir die landmeters om data deur middel van afstandwaarneming te versamel, voordat die gekarteerde gebied ontwikkel is. (1 x 2) (2)

TOTAAL AFDELING B: 30
GROOTTOTAAL: 150

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**


GRAAD 10

NOVEMBER 2020

**GEOGRAFIE V2
BYLAAG
(EKSEMPLAAR)**

Hierdie bylaag bestaan uit 9 bladsye.

FIGUUR 1.2: BEVOLKINGSPIRAMIDES VIR ONTWIKKELDE EN ONTWIKKELENDE LANDE



[Bron: Google Images]

FIGUUR 1.3 A: WÊRELDBEVOLKING-VERSPREIDING



[Bron: www.bbc.co.uk]

FIGUUR 1.3B: DIE WÊRELD SE DIGSTE BEVOLKTE LANDE

LAND	BEVOLKING	DIGTHEID(P/km ²)	LAND AREA (km ²)	VRUGBAARHEID-KOERS
CHINA	1 439 323 776	153	9 388 211	1,7
INDIË	1 380 004 385	464	2 973 190	2,2
VSA	331 002 651	36	9 147 420	1,8
INDONESIË	273 523 615	151	1 811 570	2,3


[Bron: www.worldometers]**FIGUUR 1.4: XENOFOBIE IN SUID-AFRIKA (2018)**

Buitelandse burgers is weereens aangeval, verplaas en hul winkels in Suid-Afrika geplunder. Dit is 'n ongelukkige, maar heeltemal onverwagte manier om die herdenking van die xenofobiese aanvalle in 2008 te vier, waarin tienduiseende verplaas en meer as 60 mense dood, is.

Reeds voor 2008 het 'n handjievol geleerdes en aktiviste die regering versoek om meer te doen om diegene waarop geweld gerig is, te beskerm vanweë hul geografiese oorsprong. Die regering het eers ná die betoging in 2008 aangesluit om die burgerlike samelewing en internasionale organisasies te verseker dat sulke bloedvergieting nooit weer sou plaasvind nie. Maar dit het.


[Bron: www.wits.ac.za/news]

FIGUUR 1.5: SUID-AFRIKA SE LANDELIKE EN STEDELIKE BEVOLKING



[Bron: StatsSA (2016)]

FIGUUR 2.1: DIE WATERSIKLUS

[Bron: www.weather.gov]

FIGUUR 2.3: WAG VIR DAG ZERO, KAAPSTAD

[Bron: Google Images]

Daily Maverick: 29 Januarie 2018

Marelise van der Merwe

Kaap Water Gate Verduideliker: Wat weet ons van Kaapstad se rampbestuursplan?

Sondagoggend het amptenare by die ramp-risikobestuursentrum in Goodwood, Kaapstad, vergader om media in te lig oor die voorbereidings vir dag Zero. Dit het op die hakke gevolg van die bekendstelling van die # Verslaan Dag Zero-veldtog in Athlone die vorige week. Inligting stroom bietjie vir bietjie in.

Die datum kan, soos ons weet, verander, maar amptenare van die stad het bevestig dat dit sal begin wanneer die damvlakke 13,5% bereik. Die lid van Veiligheid en Sekuriteit het gesê dat dit ongeveer twee weke sal neem om waterstelsels af te skakel en 'n paar weke neem om waterpunte en ander rampbestuurstelsels te aktiveer, sodat die twee prosesse sal oorvleuel, alhoewel voorbereidings reeds aan die gang is.

Daar moet op gelet word dat Dag Zero nie die dag is waarop Kaapstad se 'water opraak' nie. Dit is die dag waarop amptenare van fase 1-bewaringsbeperkings na fase twee oorgaan, wat die stad rampbeperkings noem.


FIGUUR 2.4: OORSTROMINGS IN PORT ST JOHNS**Inwoners is ontruim te midde van hewige reënval**

Port St Johns, aan die wilde kus in die Oos-Kaap, is geteister deur swaar reën en gelokaliseerde oorstromings, wat tot groot ontruimings gelei het. Die streek Green Farm, langs die Mzimvubu-rivier, wat Maandag sy oewer gebars het, is veral swaar deur flitsvloede getref.

Volgens SABC Nuus is groot dele van die laagliggende landelike nedersettings ontoeganklik gelaat.

[Bron: www.thesouthafrican.com]

FIGUUR 2.5: VERANDERING IN DIE AANTAL KAAPSE PERDEMAKRIEL IN SUID-AFRIKA SE WATER



[Bron: www.statssa.gov.za]

Woordelys van sommige Engelse en Afrikaanse woorde en hul vertalings wat op die topografiese kaart verskyn.

AFRIKAANS	ENGLISH
Vliegveld	Landing strip
Voor	Furrow
Karavaanpark	Caravan park
Kanaal	Canal
Rioolwerke	Sewerage works
Golfbaan	Golf course
Uitgraving	Excavation
Natuurreservaat	Nature reserve
Skietbaan	Rifle range
Vliegveld	Aerodrome
Kloof	Ravine

ALGEMENE INLIGTING OOR SOMERSET-WES

Somerset-Wes is 'n dorp in die Wes-Kaap, Suid-Afrika. Administratief is dit ingesluit in die Kaapstad se metropolitaanse munisipaliteit as 'n voorstad in die Helderberg-gebied (voorheen Hottentots Holland genoem), ongeveer 50 kilometer oos van Kaapstad se middestad, en aan die Strand grens. Die stad word deur die Helderberg berge (wat 'duidelike berg' beteken) oor die hoof gesien.



Ko-ordinate: 34° 07' 56" S, 18° 50' 36" O

[Bron: <https://www.weather-forecast.com>]

FIGUUR 3.3.4





Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 10

NOVEMBER 2020

**GEOGRAFIE V2
NASIENRIGLYN
(EKSEMPLAAR)**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

AFDELING A: BEVOLKING EN WATERHULPBRONNE**VRAAG 1: BEVOLKING**

1.1	1.1.1	E (bevolking aanduiders)		
	1.1.2	A (emigrante)		
	1.1.3	F (bevolkingsontploffing)		
	1.1.4	I (bevolking piramide)		
	1.1.5	H (vlugtelinge)		
	1.1.6	C (bevolkingdigtheid)		
	1.1.7	D (xenofobie)		
	1.1.8	B (lewensverwagting)	(8 x 1)	(8)
1.2	1.2.1	B		
	1.2.2	B		
	1.2.3	A		
	1.2.4	A		
	1.2.5	A		
	1.2.6	B		
	1.2.7	A	(7 x 1)	(7)
1.3	1.3.1	Bevolkingverspreiding is hoe mense oor 'n geografiese gebied versprei is. (Konsep)	(1 x 1)	(1)
	1.3.2	Asië	(1 x 1)	(1)
	1.3.3	China, Indië	(2 x 1)	(2)
	1.3.4	Onvoldoende hulpbronne Druk op hulpbronne soos water, landbougrond, weiding Geen grond vir die uitbreiding van nedersettings nie Gebrek aan voedselhulpbronne Werkloosheid Gebrek aan basiese dienste soos onderwys en gesondheid Armoede	(Enige TWEE) (2 x 2)	(4)

- 1.3.5 Grondvrugbaarheid – die meeste mense vestig hulle waar grond vrugbaar is, bv. naby riviervalleie
 Geleidelike hellings – mense verkies gelyke hellings waar landbou moontlik is
 Waterbeskikbaarheid – mense moet nader aan permanente watervoorsieningsbronne wees, bv. naby groot riviere
 Klimaat – mense hou van matige warm klimaat
 Natuurlike hawens – is goed vir menslike nedersettings langs die kus
 Beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne – soos vis, steenkool, voedsel
(Leerlinge moet beide die fisiese faktor verskaf en verduidelik.)
 (Enige TWEE) (2 x 2) (4)
- 1.3.6 Australië (1)
 Min mense in die werkende bevolking
 Onvoldoende arbeiders vir industrieë
 Uitgestrekte land wat onderbenut word met die teel van wilde diere en slange (1 + 2) (3)
- 1.4 1.4.1 Is die vrees, haat of gebrek aan aanvaarding van mense uit 'n ander land, stam, godsdiens.
(Konsep) (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Buitelanders is verplaas
 Hulle winkels is geplunder
 Hulle is fisies aangeval (Enige EEN) (1 x 2) (2)
- 1.4.3 Die regering
 Die burgerlike samelewing
 Internasionale organisasies (Enige TWEE) (2 x 1) (2)
- 1.4.4 Haat vir buitelandse burgers
 Gebrek aan vertroue by mense van buite Suid-Afrika
 Vrees dat hulle hul werk sal neem
 Vrees om hul besittings goedere, vrouens aan buitelanders te verloor
 Hulle beset grond en ruimte wat plaaslike inwoners benodig
 Hulle bedryf ondernemings en neem klante op
 Hulle het beter vaardighede
 Hulle bring siektes mee (Enige TWEE) (2 x 2) (4)
- 1.4.5 Buitelanders hou aan om tussen Suid-Afrikaners te woon en hulle hulpbronne te deel
 Werkloosheidskoers neem steeds toe
 Swak onderwys en vaardighede onder Suid-Afrikaners in sommige dele van die land
 Kompetisie vir besigheidspersonele, veral in die informele markte
 Meer immigrante kom steeds na Suid-Afrika (1 x 2) (2)

- 1.4.6 Beheer immigrasiesyfers deur teen onwettige immigrante te waak
 Bevorder vennootskap en goeie betrekkinge met mense uit ander lande deur middel van media forums en openbare platforms soos televisie en radio's
 Skep bewusmaking deur die publiek te leer oor die skaars vaardighede wat Suid-Afrika benodig van mense van buitelandse afkoms
 Handhaaf wetgewing rakende besigheidspersmitte om informele ondernemings waar die meeste buitelanders betrokke is, te beperk.
 Bevorder sakevaardighede vir die plaaslike bevolking
 Voorsien Suid-Afrikaanse burgers met beter omstandighede vir besigheid, soos toelaes en lenings (Enige TWEE) (2 x 2) (4)
- 1.5 1.5.1 Die aantal mense wat in landelike gebiede woon.
 (**Konsep**) (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Toename (1 x 1) (1)
- 1.5.3 Landelik tot stedelike migrasie (1 x 1) (1)
- 1.5.4 55 miljoen (1 x 2) (2)
- 1.5.5 Werkloosheid
 Armoede
 Natuurrampe / oorstromings / droogtes
 Gronderosie
 Gebrek aan dienste (water / elektrisiteit / klinieke / skole / paaie)
 Verveling
 Gebrek aan produktiwiteit op plase
 Sluiting van dienste (Enige TWEE) (2 x 1) (2)
- 1.5.6 Oorbevolking
 Gebrek aan huise
 Ontwikkeling van plakkers nedersettings
 Tekort aan werksgeleenthede
 Toename in aantal mense wat in strate woon
 Tekort aan dienste soos elektrisiteit, water
 Sosiale euwels – misdaad, morele verval
 Verkeersopeenhopings
 Lugbesoedeling, geraas, water
 Druk op dienste
 Agteruitgang van geboue
 Gebarste rioolpype
 Toename in stedelike temperature (Enige VIER) (4 x 2) (8)
- [60]

VRAAG 2: WATERHULPBRONNE

- 2.1 2.1.1 (a) aardoppervlakte
- (b) hael
- (c) sneeu (3 x 1) (3)
- 2.1.2 A – Verdamping
- B – Kondensasie
- C – Transpirasie
- D – Neerslag (4 x 1) (4)
- 2.2.1 Ontsouting
- 2.2.2 Gryswater
- 2.2.3 Oorbevissing
- 2.2.4 Inter-bekken verplasing
- 2.2.5 Volhoubaarheid
- 2.2.6 Mariene-besoedeling
- 2.2.7 Viskwotas
- 2.2.8 Ekosisteem (8 x 1) (8)
- 2.3.1 Wes-Kaap (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Verslaan Dag Zero (1 x 1) (1)
- 2.3.3 Dit is die dag waarop amptenare van die eerste fase-voorkomingsbeperkings oorgaan tot fase twee rampbeperkings (1 x 2) (2)
- 2.3.4 Water is 'n basiese behoefte
Dink aan Dag Zero
Wateronsekerheid
Geen ander bron van water nie
Beperkte watervoorrade (Enige TWEE) (2 x 2) (4)

2.3.5 **Strategieë deur mense**

Moenie krane laat loop nie
 Gebruik min water vir elke taak
 Gebruik kort storte in plaas van daaglikse te bad
 Draai die kraan stadig toe wanneer enige materiaal uitgespoel word
 Verminder die spoelwater deur plastiekbottels in 'n bak te plaas
 Versamel plastiek, glase en metaal vir herwinning, dit verminder die
 hoeveelheid afvalwater
 Beperk die bevolkingsgroei deur voorsorgmaatreëls te tref

Strategieë volgens die munisipaliteit

Deur tariewe te verhoog, sal inwoners minder water gebruik
 Herstel lekkende krane
 Ontsouting in kusgebiede
 Bou meer damme en reservoirs
 Bied opleiding aan verbruikers oor watergebruik
 Huur vaardige operateurs in wateraanlegte
 Herwin water
 Damme bou om water op te berg
 Wolk saai om reënval kunsmatig te verhoog
 Wisselbou om grond te beskerm om water op te berg
 Die herleiding van water om te sorg vir besproeiing in droogte
 gebiede
 Oes reënwater van dakke af
 Ontwikkeling van volhoubare landboupraktieke
 Waterbeperkings (Enige VIER) (4 x 2) (8)

2.4.1 'n Oorstroming is die oorloop van water op die aardoppervlak
 (**Konsept**) (1 x 1) (1)

2.4.2 Kus-oorstromings (1 x 1) (1)

2.4.3 Dit is in water gedompel
 Mense en motors sou in water verdrink (1 x 2) (2)

2.4.4 Reën vir 'n aantal dae
 Gelyke hellings op die kusvlaktes
 Soort gronde, kleigrond is ondeurdringbaar en veroorsaak meer
 afloop
 Ondeurdringbare onderliggende rotse
 Hoë grondvoghoud
 Gebrek aan plantegroei wat die water in die grond laat insypel
 (Enige TWEE) (2 x 2) (4)

2.4.5 Noodsaaklike goedere en materiaal wat in vloedwater verlore gaan
 Huise word deur water beskadig
 Motors wat in water verdrink
 Daar sal siektes volg
 Vernietig infrastruktuur soos paaie
 Kommunikasielyne en krag word beïnvloed
 (Enige TWEE) (2 x 2) (4)

2.4.6	Bou huise op hoër grond Verbeter die dreinerings van stormwater Rapporteer oorstromings onmiddellik aan die owerhede Bou sterker huise	(Enige EEN) (1 x 2)	(2)
2.5.1	600 000	(1 x 1)	(1)
2.5.2	Toename	(1 x 1)	(1)
2.5.3	2011	(1 x 1)	(1)
2.5.4	600 000 – 400 000 = 200 000	(2 x 1)	(2)
2.5.5	Suid-Afrika sou meer inkomste verdien Meer wins word gegenereer Meer inkomste in buitelandse valuta deur uitvoer Meer werkseleenthede geskep Voedselsekerheid verbeter omdat vis proteïene lewer	(Enige EEN) (1 x 2)	(2)
2.5.6	Verbeterde tegnologie in visvang Verbeterde visvaardighede Uitvinding van groter nete wat vis in wyer gebiede vang Toename in kommersiële vissersbote Visvang is 'n bron van inkomste vir arm gemeenskappe Vis word as 'n voedselbron beskou	(Enige TWEE) (2 x 2)	(4)
2.5.7	Dit verminder visbronne Sommige visspesies sterf uit Wanbalans van mariene ekosisteem Vissers sal in die toekoms honger ly namate vis bevolkings daal Vissers verloor hul inkomste Die bron van voedsel is uitgeput Die land verloor sy inkomste	(Enige TWEE) (2 x 2)	(4)
			[60]

TOTAAL AFDELING A: 120

AFDELING B: KAARTWERK**VRAAG 3****3.1 KAARTWERK-VAARDIGHEDE EN -BEREKENINGE**

3.1.1 Verskil in jare: $2020 - 2002 = 18$ jaar

Gemiddelde jaarlikse verandering: $6'W$

Totale verandering: $6' \times 18 = 108'$
 $= 1^{\circ} 48'W$

Magnetiese deklinasie vir die huidige jaar.

- $23^{\circ} 53' + 1^{\circ} 48'$
 $= 53' + 48' = 101' \text{ (} 1^{\circ} 41' \text{)}$
 $= 25^{\circ} 41'W$ (5 x 1) (5)

3.1.2 AFSTAND = CM x SKAAL

- $\frac{1,5 \text{ cm} \times 50\,000}{100}$
- $1,5 \text{ cm} \times 500 = 750$ meter
- Speling = 700 m tot 800 m (2 x 1) (2)

- 3.1.3 (a) Suid-oos (1 x 1) (1)
- (b) 80° : Speling (78° to 82°) (2 x 1) (2)

3.2 KAART- EN FOTO-TOEPASSING EN INTERPRETASIE

3.2.1 Pad en spoorlyn (1 x 1) (1)

3.2.2 (a) Vleiland / meer (1 x 1) (1)

- (b)
- Water vir huishoudelike doeleindes
 - Water vir pad konstruksies
 - Visvang
 - Water vir industriële doeleindes
 - Verkoel vars lug vir die omliggende nedersettings
 - Besproeiing van plantegroei (Enige TWEE) (2 x 2) (4)

3.2.3 (a) Boorde/Wingerde (1 x 1) (1)

- (b)
- Waterbeskikbaarheid
 - Grondvrugbaarheid
 - Vervoerdienste vir insette en uitsette na die mark
 - Gelyke hellings
 - Koel klimaat
 - Menslike hulpbronne, arbeid en vaardighede (Enige EEN) (1 x 2) (2)

- 3.2.4 Hottentots-Holland natuurreservaat
Beskermde gebied
Picnic Bush Plantasies
Groot damme (Enige EEN) (1 x 1) (1)
- 3.2.5 • Teenwoordigheid van waterberging(-stoor) verskynsels
• Damme
• Reservoirs
• Groot gebiede bedek deur natuurreservate met min riviere
• Nie-standhoudende riviere
• Droë panne (Enige TWEE) (2 x 1) (2)

3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS

- 3.3.1 Muis/drukker/hardeskyf/sleutelbord/monitor/skandeerder/digitiseerder/
kabels/verwerker/skywe (Enige EEN) (1 x 1) (1)
- 3.3.2 • Muis – aanwys en wys waar om te werk
• Drukker – vervaardiging van harde kopieë van geskrewe dokumente
• Hardeskyf – stoor van data
• Sleutelbord – tik en opvang van data
• Monitor – vertoon data
• Skandeerder – opvang van dokumente
• Kabels – die oordrag van data, krag
• SVE – sentrale verwerkingseenheid
• Skyfies – stoor van data (Enige EEN) (1 x 2) (2)
- 3.3.3 • Ligging van ontspannings areas naby vervoerroetes, water en voorstede
• Nywerheidsgebiede langs paaie
• Begraafplaas in 'n oop ruimte
• Nedersettings op gelyke hellings (Enige EEN) (1 x 2) (2)
- 3.3.4 (a) Versamel of opvang van inligting oor die aarde op 'n afstand sonder fisiese kontak
(Konsep) (1 x 1) (1)
- (b) • Sommige gebiede is nie bereikbaar via paaie nie, omdat hulle bebos, steil hellings of slegte dreinerings het
• Toestelle vir afstandwaarneming kan plekke bereik sonder fisiese kontak
• Sommige sensors is doeltreffend; hulle kan duidelike en gedetailleerde data op 'n afstand opvang
• Dit is goedkoper en makliker om afstandssensors te gebruik as om te reis
• Sensors kan 'n redelike hoeveelheid data opneem en stoor
• Sensors is akkuraat (Enige EEN) (1 x 2) (2)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 30
GROOTTOTAAL: 150